Jou werk: Is jy te oud? Dalk te jonk?

deur Riette Rust
http://www.sarie.com/lewe-liefdes/werk-geld/jou-werk-is-jy-te-oud-dalk-te-jonk/

Verby is die dae toe base almal ouer as 40 was.
As jy destyds ‘n grootbaas geword het vóór 40 het jy die koerante gehaal! Deesdae is die werkplek ‘n mengelmoes van jonk en oud – in enige pos.
Die groot uitdaging is om relevant te bly in jou beroep en tussen jou kollegas, ongeag jou ouderdom.
Jong mense moet kan meeding én op gelyke vlak sosialiseer met mense ‘n paar dekades ouer as hulle. Soms moet hulle dié mense selfs bestuur.
Ouer mense moet eweneens bybly met verandering, vernuwend kan dink en iets van die voortvarendheid en vreesloosheid van hul jeug behou.
Want verandering is deesdae die wagwoord in die sakewêreld – maak nie saak in watter bedryf jy werk nie. Niks bly vir lank dieselfde nie.
“Jy moet jouself reg instel en bereid wees om risiko’s te neem, iets nuuts te probeer,” sê Neil Jacobsohn, medeuitvoerende hoofbestuurder van FutureWorld in Johannesburg, wat ondernemings help om die toekomstige sakekonteks te verstaan.
Al pas jongmense soms makliker aan by verandering is daar vir hulle ‘n eie stel uitdagings.
Op net 22 het **HERMAN LENSING** kosredakteur van SARIE geword. Hy is ‘n opgeleide sjef met ervaring as kos assistent.
Herman se hoofverantwoordelikheid is om “saam met ons lesers te kook en hulle te inspireer”. Maklik is dit nie wanneer hy in kos-en-wyn-kringe moet hoor “sjoe, maar jy’s so jonk” nie.
“Dit breek wel my selfvertroue af. Ek troos my daaraan dat ons redakteur, Michélle van Breda, sê ouderdom is net ‘n nommer, dat talent en passie tel!”
Sy jeug tel eintlik in sy guns, sê hy.”Ek kyk anders na kos. Ek glo dat ons net die beste uit elke seisoen behoort te eet en dat alles vars moet wees.”
Dit was eers moeilik om sy ouer kollegas op die naam te noem: “Ek is geleer ‘tannie’ en ‘oom’ is ‘n vorm van respek. Nou besef ek by die werk is ek nie meer ‘n kind nie.”
Hy het nog altyd geglo 40-jariges is boring en dit verras hom dat sy ouer kollegas so energiek en lewenslustig is. Almal by SARIE het ‘n “ongelooflike passie” vir hul werk, hulle werk na-ure en niemand loer na hul horlosies nie, sê hy.
By SARIE is almal “gelukkig ook tegnologies by”, maar tegnologie speel ‘n nóg groter rol in sy eie lewe.
“Ek bestel baie goed deur die internet terwyl sommige ouer kollegas bang is dit raak iewers op pad weg.”

Herman is ook deel van die *instant gratification*-generasie – hy wil dadelik antwoorde hê.

“Ek het besef dit kan nie altyd so werk nie. Daar is soms prosesse wat jy moet deurgaan om te sorg vir ‘n goeie eindresultaat.”

Hy hou daarvan as iemand sommer in die verbyloop vir hom iets vra of sê. “Ons jongmense tob nie lank oor probleme nie. Ons *embrace* hulle, soek oplossings en beweeg aan.”

Herman wil nes sy ander kollegas behandel word.

“Streng. En nie jammer gekry of op neergesien word oor my ouderdom nie. Maar ek wil ook leiding hê. Respekteer my en ek sal jou respekteer.”

Hy vra baie vrae om sy ouer kollegas se wêreld te verstaan en hy leer daagliks oor die tydskrifbedryf. “Dis ook ‘n groot uitdaging om my eie begroting te bestuur.”

Vir Herman se generasie weeg persoonlike verwesenliking swaarder as loopbaansukses.” As ek nie meer groei of gelukkig is nie, sal ek van werk verander, selfs sonder bevordering,” sê hy.